(iii) Two employers' representatives and two employees' representatives shall constitute a quorom and all matters shall be determined by a majority of votes. The Chairman shall have a deliberative vote only. Alternates of members who are absent may be counted as full representatives for the purpose of a quorum and if no quorum is present within 30 minutes of the time fixed, the meeting will stand adjourned to a date not later than seven days thereafter fixed by the Chairman. At such adjourned meeting of which members shall be given written notice, those present shall form a quorum. For the purpose of a quorum, the Chairman and Vice-Chairman of the Council shall, if present be regarded as representatives.

(iv) If any representative is absent from any meeting and is not represented by an alternate, the voting power of the side he represents shall be reduced and a similar reduction shall be made on the other side to preserve equality of voting power. No motion shall be considered unless seconded and all matters forming the subject of motions shall be decided by majority vote of those present.

3. WOORDOMSKRYWINGS.

Enige uitdrukkings in hierdie Ooreenkoms gebesig wat in die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, omskryf is, het dieselfde betekenis as in dié Wet, en tensy die teendeel blyk, omvat woorde wat die manlike geslag aandui ook vroue: Voorts, tensy dit strydig is met die saamhang, beteken—

„ Klerasienywerheid " of „ Nywerheid ", sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking op enige wyse te beperk, die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir die vervaardiging van alle klasse tweed- en linnehoede, pette, dameshoede, dasse, gordels, kruisbande, kousophouers, buustelyfies en alle soorte bo- en onderklere, en alle werksaamhede wat daarmee saamgaan en daaruit volg wat deur sodanige werkgewers en hulle werknemers uitgevoer word, maar dit sluit nie modemaker of hoedemakery vir die kleinhandel of die vervaardiging van snyersboklere volgens die mate van individuele persone in nie, maar sluit die vervaardiging van snyersboklere in vir die uitvoering van bestellings van handelaars op spesiale mate van hulle klante wie se mate deur of op verantwoordelikheid van die handelaars geneem is, en die vervaardiging van alle klasse kledingstukke, met inbegrip van snyersklere, wat in hoeveelhede gemaak word volgens die bestelling van enige Staatsdepartement, Provinsiale Administrasie, die S.A.S. en H. en Lugdiens of plaaslike besture;

„ bydraer " enige persoon, uitgesonderd 'n direkteur, handelsreisiger of kantoorwerknemer wat in die Klerasienywerheid betrokke is of was en van wie se loon aftrekkings gemaak is of volgens vereiste gemaak is ingevolge hierdie Ooreenkoms;

„ Raad " die Nywerheidsraad vir die Klerasienywerheid (Natal) geregistreer ingevolge artikel *twee* van Wet No. 11 van 1924, soos gewysig, en geag dat dit geregistreer is kragtens die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig;

„ ondervinding " vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms, ondervinding ooreenkomstig die woordomskrywing van „ ondervinding " vervat in die Hoofooreenkoms;

„ Fonds " die Voorsorgsfonds kragtens hierdie Ooreenkoms ingestel;

„ Fondsweek " 'n week bereken vanaf middernag tussen Vrydag en Saterdag tot middernag tussen die eersvolgende Vrydag en Saterdag;

„ Hoofooreenkoms " die Ooreenkoms vervat in Goewermentskennisgewing No. 1015 van 8 Julie 1960;

„ benoemde " enige persoon deur 'n lid aangestel aan wie enige bystand wat sodanige lid by sterfte toekom, uitbetaal moet word;

„ diensrekordkaart " die diensrekordkaart waarvoor in klousule 14 (1) van die Hoofooreenkoms voorsiening gemaak word;

„ aftree-ouderdom " die ouderdom van 60 in die geval van manlike bydraers en 55 in die geval van vroulike bydraers;

„ Sekretaris " die Sekretaris van die Raad, en omvat enige beampte wat aangestel is om in die afwesigheid van die Sekretaris te ageer;

„ loon " die weekloon, (uitgesonderd lewenskostetoelae, oortyd of enige bykomstige verdienste) wat in die Hoofooreenkoms voorgeskryf word of in enige ander loonreëlingsmaatreël van krag in die Nywerheid of die gewone weeklikse besoldiging (uitgesonderd lewenskostetoelae, oortyd- of enige bykomstige loon) wat aan 'n werknemer verskuldig is ingevolge sy dienskontrak, na gelang van die grootste.

4. VOORSORGSFONDS.

Hierby word daar 'n Fonds ingestel, bekend as die Voorsorgsfonds vir die Klerasienywerheid, Natal, hieronder „ die Fonds " genoem, waarvan die doel is om bystand te voorsien aan bydraers, soos in hierdie Ooreenkoms bepaal.

Die Fonds bestaan uit—

(*a*) bydraes wat in die Fonds inbetaal word ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ooreenkoms;
(*b*) rente wat oploop uit die belegging van enige gelde van die Fonds;
(*c*) enige ander bedrae waarop die Fonds geregtig mag word.

5. INSTELLING EN FUNKSIES VAN BESTUURSKOMITEE.

(i) Die administrasie van die Fonds berus by 'n bestuurskomitee bestaande uit twee werkgewerverteenwoordigers en twee werknemerverteenwoordigers aangestel deur die Nywerheidsraad vir die Klerasienywerheid (Natal) ingevolge klousule 9 (6) van die konstitusie van die Raad op 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die Raad, tesame met die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad wat *ex officio*-lede van die bestuurskomitee is.

(ii) Daar moet vir elke verteenwoordiger 'n plaasvervanger aangestel word.

(iii) Twee werkgewerverteenwoordigers maak 'n kworum uit en alle sake word beslis deur 'n meerderheid van stemme. Die Voorsitter beskik slegs oor 'n beraadslagende stem. Plaasvervangers van lede wat afwesig is kan vir volwaardige verteenwoordigers gereken word vir die doel van 'n kworum en indien geen kworum teenwoordig is binne 30 minute van die vasgestelde tyd nie, word die vergadering verdaag tot 'n datum nie later nie as sewe dae daarna soos deur die Voorsitter vasgestel. By so 'n verdaagde vergadering, waarvan lede skriftelike kennisgewing moet ontvang, vorm dié wat teenwoordig is 'n kworum. Vir die doel van 'n kworum word die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad, indien aanwesig, as verteenwoordigers gereken.

(iv) Indien enige verteenwoordiger van enige vergadering afwesig is en hy nie deur 'n plaasvervanger verteenwoordig word nie, word die stemsterkte van die kant wat hy verteenwoordig, verminder, en 'n dergelike vermindering geskied aan die ander kant om gelykheid van stemsterkte te bewaar. Geen mosie word oorweeg nie tensy dit gesekondeer is en alle sake wat die onderwerp van mosies uitmaak, word oor besluit deur 'n meerderheidstem van dié teenwoordig.

(v) All expenses of administration shall be a charge on the Fund.

(vi) The management committee shall have power to—

(*a*) sanction all payments and expenditure on behalf of the fund;

(*b*) engage and dismiss paid servants of the fund, fix their remuneration, and define their duties;

(*c*) supervise the working of any sub-committee appointed;

(*d*) appoint sub-committees to help in the administration of the fund;

(*e*) draft rules for the payment of benefits and fix the time and place for such payments;

(*f*) perform all such other duties as the committee may deem necessary or desirable for the proper administration of the fund.

Two copies of the rules of the fund and any amendments thereof which shall not be inconsistent with any Act or this Agreement, shall be lodged with the Secretary of the Council who shall transmit one copy to the Secretary for Labour.

6. CONTRIBUTIONS.

(i) For the purpose of the fund, each employer shall deduct from the wages of each of his employees, other than directors, travellers or office employees, who have worked during any week irrespective of the time so worked, the amounts set out hereunder:—

(*a*) Group 1. In the case of an employee earning a wage of under six Rand per week—the sum of 5 cents;

(*b*) Group 2. In the case of an employee earning a wage of six Rand and over per week—the sum of 13 cents;

provided that such deductions shall only be made in respect of employees whose total experience in the Clothing Industry exceeds one year; and provided further that no deductions shall be made from the wages of any male contributor who has reached the age of 65 or of any female contributor who has reached the age of 60 and provided further that no new contributor shall be admitted to membership if over the age of 55 in the case of females and 60 in the case of males.

(ii) To the amount so deducted the employer shall add 5 cents (5c) per week in the case of each of his employees earning a wage of less than R6.00 per week and an amount of 8 cents (8c) per week in the case of each of his employees earning a wage of R6.00 or more per week, and shall forward month by month but not later than the tenth day of each month the total sum to the Secretary of the Council.

(iii) Such total sum must be accompanied by a list showing the name and address of the employer and the Record of Service Card number of employees from whom deductions are made, the amount of each deduction and the total amount of the employer's contribution.

(iv) In the case of the first such payment by any employer the sum must be accompanied by the following additional information:—

(*a*) The full names and address of each contributor.

(*b*) The "group" and Record of Service Card number of each contributor and the employer shall thereafter notify the fund week by week of all changes in the list of contributors, and of changes from one group to another.

(v) The employer shall each month notify the fund of all contributors who have been absent without pay for four or more consecutive pay weeks.

(vi) An employer shall not deduct the whole or any part of his own contribution from the earnings of a member or receive any consideration from the member in respect of such contribution.

(vii) When a member is on leave on full pay or less than full pay and/or when a member is on short time, both his and the employer's contribution shall be continued.

(viii) If any contribution is made in error to the fund, the fund shall not be liable to repay that contribution after the lapse of six months from the date of such payment.

(ix) Whenever any benefit has been mistakenly paid to a member as a result of such member having made to the fund payments which were not due, the management committee may set off the amount of benefit so paid—

(i) against any sum claimed from the fund as a repayment of such contributions which were not due; and

(ii) against any future benefits that may become due by the fund to the said member.

7. FINANCE.

(i) All moneys received by the fund shall be deposited in a banking account opened in the name of the fund. An official receipt shall be issued for all moneys received into the fund and withdrawals from the fund shall be by cheque signed by such persons as may, from time to time, be authorised by the management committee.

(ii) Any money not immediately required to meer current charges upon the Fund shall not be invested otherwise than in—

(*a*) Union or local government stock;

(*b*) Union Loan Certificates;

(*c*) Post Office Savings accounts or certificates;

(*d*) Savings accounts, permanent shares or fixed deposits in building societies or banks; or in any other manner approved by the Registrar: provided that—

loans may be granted, secured by a first mortgage bond on immovable property to any member of the Fund if the mortgaged property is property on which a dwelling house has been or is to be erected: provided that such a loan shall in no case exceed 75 per cent of the market value of the immovable property concerned at the date of the loan.

(v) Alle administrasiekoste word teen die Fonds verreken.

(vi) Die bestuurskomitee beskik oor die bevoegdheid om—

(*a*) alle betalings en uitgawes namens die Fonds goed te keur;

(*b*) betaalde dienaars van die Fonds in diens te neem en te ontslaan, hulle besoldiging vas te stel en hulle pligte te omskryf;

(*c*) die toesig te hou oor die werking van enige aangestelde subkomitees;

(*e*) reëls op te trek vir die betaling van bystand en die tyd en plek vir sodanige betalings te bepaal;

(*f*) alle sodanige ander pligte te verrig as wat die komitee nodig of wenslik mag ag vir die behoorlike administrasie van die Fonds.

Twee afskrifte van die reglement van die Fonds en enige wysigings daarvan, wat nie teenstrydig moet wees met enige wet of hierdie Ooreenkoms nie, moet aan die Sekretaris van die Raad besorg word, wat een afskrif aan die Sekretaris van Arbeid moet stuur.

6. BYDRAES.

(i) Vir die toepassing van die Fonds moet elke werkgewer van die loon van elkeen van sy werknemers, uitgesonderd direkteurs, handelsreisigers of kantoorwerknemers, wat in enige week gewerk het, ongeag die tyd aldus gewerk, die bedrae hieronder uiteengesit, aftrek:—

(*a*) Groep 1. In die geval van 'n werknemer wat 'n loon van minder as 6 Rand per week verdien die bedrag van 5 sent;

(*b*) Groep 2. In die geval van 'n werknemer wat 'n loon van 6 Rand per week of meer verdien, die bedrag van 13 sent;

met dien verstande dat sodanige aftrekkings slegs moet geskied ten opsigte van werknemers wie se totale ondervinding in die Klerasienywerheid een jaar te bowe gaan; en voorts met dien verstande dat geen aftrekkings moet geskied van die loon van enige manlike bydraer wat 65 jaar oud geword het of 'n vroulike bydraer wat 60 jaar oud geword het nie, en voorts met dien verstande dat geen nuwe bydraer as lid toegelaat moet word indien oor die ouderdom van 55 jaar in die geval van vroue en 60 jaar in die geval van mans nie.

(ii) By die bedrag aldus afgetrek, moet die werkgewer 5 sent (5c) per week byvoeg in die geval van elkeen van sy werknemers wat 'n loon van minder as R6.00 per week verdien en 'n bedrag van 8 sent (8c) per week in die geval van elkeen van sy werknemers wat 'n loon van R6.00 of meer per week verdien, en moet maand vir maand, maar voor of op die tiende dag van elke maand die totale bedrag aan die Sekretaris van die Raad stuur.

(iii) Sodanige totale bedrag moet vergesel gaan van 'n lys met die naam en adres van die werkgewer en die diensrekordkaartnommer van werknemers van wie se lone aftrekkings gemaak word asook die bedrag van elke aftrekking en die totale bedrag van die werkgewer se bydrae.

(iv) In die geval van die eerste sodanige betaling deur 'n werkgewer, moet die bedrag vergesel gaan van die volgende addisionele inligting:—

(*a*) Die volle naam en adres van elke bydraer.

(*b*) Die „groep" en diensrekordkaartnommer van elke bydraer, en die werkgewer moet daarna die Fonds week vir week in kennis stel van alle veranderings in die lys bydraers en van veranderings van een groep na 'n ander.

(v) Die werkgewer moet elke maand die Fonds in kennis stel van alle bydraers wat afwesig was sonder besoldiging vir vier of meer agtereenvolgende betaalweke.

(vi) 'n Werkgewer mag nie die hele of enige gedeelte van sy eie bydrae van die verdienste van 'n lid aftrek nie of enige vergoeding van die lid ontvang ten opsigte van sodanige bydrae nie.

(vii) Wanneer 'n lid met volle besoldiging met verlof is of met minder as volle besoldiging en/of wanneer 'n lid korttyd werk, moet sowel sy eie as die werkgewer se bydrae voortgesit word.

(viii) Indien enige bydrae per abuis aan die Fonds gedo n word, is die Fonds nie aanspreeklik vir die terugbetaling van dié bydrae na verloop van ses maande vanaf die datum van sodanige betaling nie.

(ix) Wanneer enige bystand per abuis betaal is aan 'n lid as gevolg daarvan dat so 'n lid aan die Fonds betalings gemaak het wat nie verskuldig was nie, kan die bestuurskomitee die bedrag aan bystand aldus betaal, verreken—

(i) teen enige bedrag van die Fonds geëis as 'n terugbetaling van sodanige bydraes wat nie verskuldig was nie; en

(ii) teen enige toekomstige bystand wat deur die Fonds aan genoemde lid verskuldig kan word.

7. FINANSIES.

(i) Alle gelde deur die Fonds ontvang, moet in 'n bankrekening in die naam van die Fonds gedeponeer word. 'n Amptelike kwitansie moet uitgereik word vir alle gelde in die Fonds ontvang en trekkings op die Fonds moet per tjek geskied wat onderteken is deur sulke persone as wat van tyd tot tyd deur die bestuurskomitee daartoe gemagtig mag word.

(ii) Enige geld wat nie onmiddellik nodig is om lopende koste van die Fonds te bestry nie, mag nie op 'n ander wyse belê word nie as in—

(*a*) Unie- of plaaslike regeringseffekte;

(*b*) Unieleningsertifikate;

(*c*) posspaarbankrekenings of -sertifikate;

(*d*) spaarrekenings, permanente aandele of vaste deposito's in bouverenigings of banke, of op enige ander wyse deur die Registrateur goedgekeur: met dien verstande dat—

lenings, met eerste verband of onroerende eiendom as sekuriteit, aan enige lid van die Fonds toegestaan kan word indien die eiendom waarop die verband geneem word, eiendom is waarop 'n woonhuis opgerig is of opgerig gaan word: met dien verstande dat sodanige lening in geen geval 75 persent van die markwaarde van die betrokke onroerende eiendom mag oorskry ten tyde van die lening nie.

(iii) The management committee may, by resolution, at a duly constituted meeting of the committee, authorise the use of all or part of any interest earned on investments in terms of clause 7 (ii) of this Agreement for the purposes of clause 11 (ii) of this Agreement provided that the amount in interest so authorised would in no period of six months ending 30th June and 31st December respectively, exceed the amount in interest actually received by the fund during such period less the administration expenses of the fund for the period in question.

(iv) The management committee shall appoint an auditor who shall be a public accountant and whose remuneration shall be paid out of the fund.

(v) The Council shall cause full and true accounts of the fund to be kept and shall cause to be prepared a bi-annual account for the periods ending on the 30th June and 31st December of each year of all the revenue and expenditure of the fund, and a statement showing its assets and liabilities. Every such account and statement shall be certified by the auditor of the Council and countersigned by the Chairman of the Council and shall within three months after the close of the period to which it relates, be transmitted to the Industrial Registrar, together with any report made thereon by the said auditor. A copy of the bi-annual accounts and balance sheet shall be available for inspection by members of the fund.

8. Benefits.

(i) Benefits shall be provided to contributors who—

(*a*) leave the Industry on reaching the retiring age of 55 in the case of females and 60 in the case of males;

OR

(*b*) satisfy the management committee that they have left the Industry permanently before such retiring age.

(ii) *Appointment of Beneficiaries.*—Every contributor shall be required to nominate a beneficiary to whom, in the event of the death of the contributor, any benefits due to such contributor shall be paid. In the event of the fund not being in possession of any such nomination as required in terms of sub-clause (iv), any benefits due at the time of a contributor's death shall be paid into the estate of such deceased contributor.

(iii) *Form of Application.*—The form in which applications are submitted shall be set out in Annexures A to F hereto, according to the type of application involved.

(iv) *Appointment of Nominees.*—Each contributor shall be required to forward a statement in the form of Annexure G.

Upon receipt of the statement the Secretary shall forward to such contributor a certificate acknowledging receipt by the fund of such statement, and stating the name and address of the nominee.

9. Amount of Benefits.

(1) *Withdrawal Benefits.*—Subject to the provisions of clause 10 (i) a contributor shall be entitled to withdrawal benefits on leaving the Industry permanently or having been unemployed for a continuous period of two years. The minimum benefits that shall be paid to contributors shall be as follows:—

(*a*) Where the contributor has been a member for less than two years, the contributor shall be entitled only to a refund of his own contributions.

(*b*) Where the contributor has been a member for two years but less than three years, he shall be entitled to a refund of his own contributions plus 10 per cent.

(*c*) In addition to the amounts referred to in sub-clause (1) (*b*) of this clause, a contributor shall for every further completed year of membership, after the completion of the first two years, be entitled to a further 5 per cent of his own contributions with a maximum of 100 per cent.

(2) *Retirement Benefits.*

(*a*) In addition to the amount due in terms of sub-clause (1) of this clause an amount equal thereto will be paid to all contributors who reach the prescribed retiring age, provided that they have been members of the fund for at least 5 years.

(*b*) If the contributor remains in employment and does not claim within 3 months from the date he reaches retiring age, the provisions of sub-clause 4 (*a*) of this clause shall apply to him.

(3) *Optional Early Retirement.*—Except where a contributor qualifies for and is paid an amount in terms of sub-clause (6) of this clause, a contributor who has been a member of the fund for at least five years and who so elects, may make application to the fund for retirement benefits at any time after the contributor, in the case of females, has reached the age of 50 and in the case of males has reached the age of 55. Provided the Committee is satisfied the contributor will not return to the Industry, the Committee shall authorise benefits on the following scale:—

Age.		
Males.	*Females.*	*Benefits.*
55	50	Withdrawal Benefits plus nil.
56	51	Withdrawal Benefits plus 20 per cent.
57	52	Withdrawal Benefits plus 40 per cent.
58	53	Withdrawal Benefits plus 60 per cent.
59	54	Withdrawal Benefits plus 80 per cent.
60	55	Withdrawal Benefits plus 100 per cent.

(iii) Die bestuurskomitee kan by besluit op 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die komitee die gebruik van alle of 'n gedeelte van enige rente opgeloop uit beleggings ingevolge klousule 7 (ii) van hierdie Ooreenkoms, magtig vir die toepassing van klousule 11 (ii) van hierdie Ooreenkoms, met dien verstande dat die bedrag aan rente aldus gemagtig, in geen tydperk van ses maande wat eindig op onderskeidelik 30 Junie en 31 Desember, die bedrag aan rente werklik deur die Fonds ontvang gedurende sodanige tydperk min die administrasiekoste van die Fonds vir die betrokke tydperk mag oorskry nie.

(iv) Die bestuurskomitee moet 'n ouditeur aanstel wat 'n openbare rekenmeester moet wees en wie se besoldiging uit die Fonds vereffen moet word.

(v) Die Raad moet toesien dat volledige en ware rekeninge van die Fonds gehou word asook dat 'n rekening twee maal per jaar opgestel word vir die tydperke wat eindig op 30 Junie en 31 Desember van elke jaar van al die inkomste en uitgawe van die Fonds en 'n staat wat die bate en laste daarvan aantoon. Elke sodanige rekening en staat moet gesertifiseer word deur die ouditeur van die Raad en medeonderteken word deur die Voorsitter van die Raad en moet binne drie maande na afloop van die tydperk waarop dit betrekking het, aan die Nywerheidsregistrateur gestuur word, tesame met enige verslag daaroor uitgebring deur genoemde ouditeur. 'n Afskrif van die rekeninge en balansstaat twee maal per jaar moet ter insae wees van lede van die Fonds.

8. Bystand.

(i) Bystand word verleen aan bydraers—

(*a*) wat die Nywerheid verlaat by bereiking van die aftree-ouderdom van 55 in die geval van vroue en 60 in die geval van mans;

OF

(*b*) wat die bestuurskomitee tevrede stel dat hulle die Nywerheid permanent verlaat het voor sodanige aftree-ouderdom.

(ii) *Aanstelling van begunstigdes.*—Van elke bydraer word vereis om 'n begunstigde te benoem aan wie, in die geval van die afsterwe van die bydraer, enige bystand verskuldig aan sodanige bydraer, betaal moet word. Vir geval die Fonds nie oor enige sodanige benoeming beskik soos vereis ingevolge subklousule (iv) nie, word enige verskuldigde bystand ten tyde van 'n bydraer se dood in die boedel van sodanige oorlede bydraer inbetaal.

(iii) *Vorm van aansoek.*—Die vorm waarin aansoeke ingedien word, word uiteengesit in Aanhangsels A tot F hiervan, ooreenkomstig die soort aansoek wat geld.

(iv) *Aanstelling van benoemdes.*—Van elke bydraer word vereis om 'n verklaring in die vorm van Aanhangsel G in te dien.

By ontvangs van die verklaring, stuur die Sekretaris aan sodanige bydraer 'n sertifikaat waarin die Fonds die ontvangs van sodanige verklaring erken, met vermelding van die naam en adres van die benoemde.

9. Bedrag van bystand.

(1) *Uitbetaalbare bystand.*—Behoudens die bepalings van klousule 10 (i) is 'n bydraer geregtig op uitbetaalbare bystand by permanente verlating van die Nywerheid of nadat hy vir 'n ononderbroke tydperk van twee jaar sonder werk was. Die minimum bystand wat aan bydraers betaal moet word, is soos volg:—

(*a*) Waar die bydraer vir korter as twee jaar 'n lid is, is die bydraer slegs op 'n terugbetaling van sy eie bydraes geregtig.

(*b*) Waar die bydraer twee jaar lank 'n lid is maar korter as drie jaar, is hy geregtig op 'n terugbetaling van sy eie bydraes plus 10 persent.

(*c*) Bo en behalwe die bystand in subklousule (1) (*b*) van hierdie klousule vermeld, is 'n bydraer vir elke verdere voltooide jaar lidmaatskap, na afloop van die eerste twee jaar, geregtig op nog 5 persent van sy eie bydraes, met 'n maksimum van 100 persent.

(2) *Aftreebystand.*

(*a*) Bo en behalwe die bedrag verskuldig ingevolge subklousule (1) van hierdie klousule, word 'n bedrag gelyk met bogenoemde bedrag aan alle bydraers betaal wat die voorgeskrewe aftree-ouderdom bereik, met dien verstande dat hulle vir minstens 5 jaar lede van die Fonds is.

(*b*) Indien die bydraer in diens bly en geen eis instel binne 3 maande vanaf die datum waarop hy die aftree-ouderdom bereik nie, is die bepalings van subklousule 4 (*a*) van hierdie klousule op hom van toepassing.

(3) *Opsionele vroeë aftreding.*—Behalwe waar 'n bydraer kwalifiseer vir 'n bedrag ingevolge subklousule (6) van hierdie klousule en dit aan hom betaal word, kan 'n lid wat vir minstens vyf jaar lank 'n lid van die Fonds is en wat dit so verkies, by die Fonds aansoek doen om aftreebystand te eniger tyd na die bydraer, in die geval van vroue, die ouderdom van 50 jaar bereik het en in die geval van mans, die ouderdom van 55 jaar bereik het; met dien verstande dat die Komitee tevrede gestel is dat die bydraer nie weer tot die Nywerheid sal terugkeer nie, magtig die Komitee bystand volgens die volgende skaal:—

Ouderdom.		
Mans.	*Vroue.*	*Bystand.*
55	50	Uitbetaalbare bystand plus nul.
56	51	Uitbetaalbare bystand plus 20 persent.
57	52	Uitbetaalbare bystand plus 40 persent.
58	53	Uitbetaalbare bystand plus 60 persent.
59	54	Uitbetaalbare bystand plus 80 persent.
60	55	Uitbetaalbare bystand plus 100 persent.

(4) *Optional Late Retirement.*

(*a*) Where a contributor reaches the prescribed age for retirement, but remains in employment, the contributor may elect to retire on termination of employment or on reaching the age of 60 in the case of females or 65 in the case of males, whichever is the earlier, and shall be entitled on termination of employment or on reaching the age of 60 in the case of females or 65 in the case of males, whichever is the earlier, to the benefits prescribed in sub-clause (1) as at such date plus 100 per cent.

(*b*) The management committee shall cause a list to be prepared each quarter of the year showing the names of contributors who during the next quarter will, according to the records of the Council, reach the age of 60 in the case of females and 65 in the case of males.

(*c*) The Secretary shall, within 14 days of the completion of such list, advise the employers concerned by registered post of the names of such contributors and the date(s) upon which deductions from their wages shall cease.

(*d*) At the same time the Secretary shall by registered post notify each contributor of the position and invite the contributor to apply for benefits.

(5) *Past Service Benefits.*—Past service shall mean employment in the Clothing Industry (Natal), prior to the establishment of the Provident Fund, during which any member contributed to the Garment Workers' Industrial Union, Natal, Provident Fund and who has not received any benefits from that fund.

(*a*) Contributors who have been members of the fund for not less than 5 years and who were members of and contributors to the Garment Workers' Industrial Union, Natal, Provident Fund for not less than 2 years are, in addition to any other benefits prescribed in this Agreement, entitled to past service benefits on the following scale:—

On death, ill-health retirement and on retirement on reaching retiring age: R6.00 per year of past service.

(*b*) In the case of Optional Early Retirement, benefits to those who qualify in terms of this sub-clause shall be on the following scale:—

Age at Retirement.		
Males.	*Females.*	*Benefits.*
55	50	50 per cent of Benefits prescribed in paragraph (*a*)
56	51	60 per cent of Benefits prescribed in paragraph (*a*)
57	52	70 per cent of Benefits prescribed in paragraph (*a*)
58	53	80 per cent of Benefits prescribed in paragraph (*a*)
59	54	90 per cent of Benefits prescribed in paragraph (*a*)
60	55	100 per cent of Benefits prescribed in paragraph (*a*),

provided that in the case of a contributor who otherwise qualifies for benefits in terms of this sub-clause but who has less than 5 years' membership but more than 3½ years' membership, the Committee in its discretion may authorise payment of benefits equivalent to the amount which the contributor would have received if he had 5 years' membership, less 25 per cent.

(6) *Benefits to Contributors Who Leave the Industry Permanently due to Serious Ill-health or Incapacity prior to reaching Retiring Age.*—The management committee may upon production of one or more medical certificates satisfactory to the committee, authorise that the ordinary withdrawal benefits to which the contributor would be entitled in terms of sub-clause (1) hereof be doubled.

(7) *Benefits in the Event of the Death of a Contributor.*—The management committee, upon production of proof of the decease of a contributor shall authorise that the ordinary withdrawal benefits to which the contributor would have been entitled as at the date of decease in terms of sub-clause (1) hereof, be doubled.

(8) For the purpose of calculating the period of contribution the contributor shall be deemed to have contributed during the entire periods notified to the fund by his employers from time to time and temporary absences from work for periods of less than four consecutive pay-weeks shall, irrespective of the fact that no contributions may actually have been received in respect of such absences, be deemed to be periods of contribution.

Furthermore, no contributor shall be prejudiced in respect of any period of employment during which he should have contributed to the fund in respect whereof his employer failed to submit contributions.

(9) For the purpose of calculating withdrawal benefits the actual weeks of contribution shall be calculated.

10. Payment of Benefits.

(i) Except in the case of age retirement, optional early retirement, optional late retirement or death, no benefits shall be paid in respect of any claim until a period of at least two years has elapsed from the time the person concerned was last employed in the industry.

(ii) In the event of a contributor returning to the industry before such claim has been met the claim will automatically lapse and contributions be resumed forthwith.

(iii) Where a contributor returns to the industry after payment of any claim, he shall, if under the age of 60 in the case of males or 55 in the case of females, be regarded as a new contributor and shall only be permitted to commence making contributions one year after returning to the industry.

(iv) If such contributor has already reached the age of 60 in the case of males or 55 in the case of females, he will not be permitted to rejoin the fund.

(4) *Opsionele laat aftreding.*

(*a*) Waar 'n bydraer die voorgeskrewe ouderdom vir aftreding bereik maar in diens bly, kan die bydraer verkies om by diensbeëindiging af te tree of by bereiking van die ouderdom van 60 jaar in die geval van vroue of 65 in die geval van mans, wat ook al die vroegste is, en is by diensbeëindiging of by bereiking van die ouderdom van 60 in die geval van vroue of 65 in die geval van mans, wat ook al die vroegste is, geregtig op die bystand voorgeskryf in subklousule (1) soos op daardie datum, plus 100 persent.

(*b*) Die bestuurskomitee moet toesien dat daar elke drie maande van die jaar 'n lys opgetrek word van die name van bydraers wat, volgens die rekords van die Raad, gedurende die volgende kwartaal die ouderdom van 60 jaar bereik in die geval van vroue en 65 jaar in die geval van mans.

(*c*) Die Sekretaris moet, binne 14 dae na voltooiing van sodanige lys, die betrokke werknemers per geregistreerde pos in kennis stel van die name van sodanige bydraers en die datum(s) waarop aftrekkings van hulle loon gestaak moet word.

(*d*) Terselfdertyd moet die Sekretaris elke bydraer per geregistreerde pos in kennis stel van die posisie en die bydraer versoek om om bystand aansoek te doen.

(5) *Bystand ten opsigte van vorige diens.*—Vorige diens beteken diens in die Klerasienywerheid (Natal) voor die instelling van die Voorsorgsfonds waartydens enige lid bygedra het tot die Voorsorgsfonds van die Garment Workers' Industrial Union, Natal, en wat geen bystand van daardie Fonds ontvang het nie.

(*a*) Bydraers wat vir minstens 5 jaar lede van die Fonds is en wat vir minstens 2 jaar lede was van en bydraers tot die Voorsorgsfonds van die Garment Workers' Industrial Union, is bo en behalwe enige ander bystand voorgeskryf in dié Ooreenkoms, geregtig op bystand ten opsigte van vorige diens volgens die volgende skaal:—

By dood, aftreding weens swak gesondheid en aftreding by bereiking van aftree-ouderdom: R6.00 per jaar vorige diens.

(*b*) In die geval van opsionele vroeë aftreding, word bystand aan diegene wat ingevolge hierdie subklousule kwalifiseer, volgens die volgende skaal betaal:—

Ouderdom by aftreding.		
Mans.	*Vroue.*	*Bystand.*
55	50	50 persent van bystand voorgeskryf in paragraaf (*a*)
56	51	60 persent van bystand voorgeskryf in paragraaf (*a*)
57	52	70 persent van bystand voorgeskryf in paragraaf (*a*)
58	53	80 persent van bystand voorgeskryf in paragraaf (*a*)
59	54	90 persent van bystand voorgeskryf in paragraaf (*a*)
60	55	100 persent van bystand voorgeskryf in paragraaf (*a*),

met dien verstande dat in die geval van 'n bydraer wat andersins vir bystand kwalifiseer ingevolge hierdie subklousule maar wat vir korter as 5 jaar lid is maar langer as 3½ jaar, die Komitee na goeddunke betaling van bystand kan magtig gelyk met die bedrag wat die bydraer sou ontvang het indien hy vir vyf jaar lid was, min 25 persent.

(6) *Bystand aan bydraers wat die Nywerheid permanent verlaat weens uiters swak gesondheid of ongeskiktheid voordat hulle die aftree-ouderdom bereik.*—Die bestuurskomitee kan na voorlegging van een of meer doktersertifikate wat vir die Komitee bevredigend is, magtig dat die gewone uitbetaalbare bystand waarop die bydraer geregtig sou gewees het ingevolge subklousule (1) hiervan, verdubbel word.

(7) *Bystand by dood van bydraer.*—By bewys van die dood van 'n bydraer, magtig die bestuurskomitee dat die gewone uitbetaalbare bystand waarop die bydraer geregtig sou gewees het op die datum van sy dood ingevolge subklousule (1) hiervan, verdubbel word.

(8) Vir die doel van die berekening van die tydperk wat bygedra is, word daar geag dat die bydraer bygedra het gedurende al die tydperke wat deur sy werkgewers van tyd tot tyd aan die Fonds bekendgemaak is, en tydelike afwesighede van die werk vir tydperke van korter as vier agtereenvolgende betaalweke word, ongeag die feit dat geen bydraes waarskynlik werklik ten opsigte van sodanige afwesighede ontvang is nie, word geag as tydperke waarin daar bygedra is.

Voorts word geen bydraer benadeel ten opsigte van enige tydperk van diens waartydens hy tot die Fondse moes bygedra het ten opsigte waarvan sy werkgewer versuim het om bydraes te stort nie.

(9) Vir die doel van die berekening van uitbetaalbare bystand word die werklike weke waartydens daar bygedra is, bereken.

10. Betaling van bystand.

(i) Uitgesonderd in die geval van aftreding by die juiste ouderdom, opsionele laat aftreding of dood, word geen bystand betaal ten opsigte van enige eis totdat 'n tydperk van minstens twee jaar verloop het vanaf die tydstip dat die betrokke persoon laaste in die Nywerheid in diens was nie.

(ii) In die geval waar 'n bydraer tot die Nywerheid terugkeer voordat so 'n eis uitbetaal is, verval die eis outomaties en bydraes neem onmiddellik 'n aanvang.

(iii) Waar 'n bydraer tot die Nywerheid terugkeer na die uitbetaling van enige eis, word hy, indien onder die ouderdom van 60 in die geval van mans of 55 in die geval van vroue, as 'n nuwe bydraer beskou en word alleenlik toegelaat om bydraes te begin maak een jaar nadat hy tot die Nywerheid teruggekeer het.

(iv) Indien sodanige bydraer reeds die ouderdom van 60 jaar in die geval van mans en 55 jaar in die geval van vroue bereik het, word hy nie toegelaat om weer by die Fonds aan te sluit nie.

(v) In the event of an appointed nominee not claiming any benefit due in terms of this section within three months of the death of a member, the management committee shall insert an advertisement in three successive issues of two newspapers circulating in the district in which the deceased member was normally resident stating the name and last known place of work of the deceased member and the fact that benefits are available for collection by the nominee at a place appointed by the management committee. If within three months from the date of the last insertion of such advertisement the nominee fails to claim the benefit due to him such benefit shall be paid into the estate of the deceased member. From any moneys payable in terms of this sub-section shall be deducted the cost of the advertisement.

(vi) The management committee shall cause a list to be prepared as soon as possible after the 31st December of each year and within three months thereafter, showing the name of every contributor who has not been employed in the industry during the past two calendar years and who has not claimed benefits.

(vii) The management committee shall, not later than 31st March of the year following such two-year period, cause to be published a notice stating that a list of all contributors who have not claimed benefits during the past two years as stated above is available for inspection at the office of the fund and that a duplicate list is available at the office of the Trade Union.

(viii) The notice shall call upon all contributors concerned or interested persons on their behalf, to submit claims for benefits within three months and to furnish full details of the grounds on which such claims are made.

(ix) The notice shall be published in three consecutive issues of at least two newspapers circulating in the area of jurisdiction of the Industrial Council for the Clothing Industry (Natal).

(x) The management committee shall, at the next meeting following the last date upon which claims may be submitted, consider such claims and shall pay to any contributor or person empowered to receive such benefits on his behalf who has submitted a competent claim in the manner prescribed herein, such moneys not exceeding the full benefit due to the member, less the cost of advertising, as it may deem fit. In the event of no claim being made by or on behalf of the person whose name appears on the list, any benefits due to him shall be forfeited to the fund. The secretary shall send to the trade union aforesaid, the list herein referred to, which list shall state the name and last known place of work of the member and the benefit due.

11. Additional Benefits.

(i) The management committee may from time to time, increase the benefits stated herein by declaration of a bonus in the light of improvement in the finances of the fund through—

(*a*) accrual of interest;

(*b*) contributors leaving the industry before qualifying for the full 100 per cent of the employer's contributions;

provided that any such bonus shall be determined only after an investigation by a public accountant into the liabilities of the fund and provided further that such bonus shall not be in excess of any amount recommended by such public accountant. Any such bonus shall be credited to contributors' accounts and shall be payable to such members at the same time and in addition to the benefits prescribed in clause 9.

(ii) The management committee may also use the moneys referred to in paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-clause (i) of this clause and any interest authorised in terms of clause 7 (iii) to augment benefits to persons who have contributed to the fund for not less than 5 years and who are compelled to leave the industry permanently before reaching the retiring age on account of ill-health or incapacity, or who reach retiring age but do not qualify for past service benefits, provided that the total used in any calendar year does not exceed an amount specified for that year by the fund's actuary.

12. Benefits Not to be Ceded or Assigned.

Benefits shall not be—

(*a*) capable of being ceded, assigned, transferred or made over in any way, either generally, or as security for any debt or obligation due by the contributor. The fund shall be under no obligation to recognise, acknowledge or act on any such purported cession, assignment, transfer or making over;

(*b*) attached by order or process of any Court;

(*c*) set off against any debt due by the person entitled to such benefits.

13. Dissolution of the Fund.

(i) In the event of the expiry of this Agreement or any extension thereof and a subsequent agreement for the continuation of the fund not being negotiated within a period of two years from the date of such expiry or the fund not being transferred by the Council within such period to any other fund constituted for the same purpose as that for which the original fund was created, the fund shall be liquidated. The fund shall during the said period of two years or until such time as it is transferred to any other fund referred to above, be administered by the management committee.

(ii) In the event of the dissolution of the Council or in the event of it ceasing to function during any period in which this agreement is binding in terms of section *thirty-four* (2) of the Act, the fund shall continue to be administered by the management committee in office at the time. Any vacancy occurring on the committee may be filled by the Registrar from employers or employees as the case may be, so as to ensure an equality of employer and employee representatives on the committee. In the event of such committee being unable or

(v) Vir geval 'n aangestelde benoemde nie enige bystand verskuldig ingevolge hierdie klousule binne drie maande van die dood van 'n lid opeis nie, plaas die bestuurskomitee 'n advertensie in drie agtereenvolgende uitgawes van twee koerante wat gelees word in die distrik waarin die oorlede lid gewoonlik gebly het met vermelding van die naam en jongste bekende werkplek van die oorlede lid en die feit dat bystand beskikbaar is vir opeising deur die benoemde by 'n plek deur die bestuurskomitee aangewys. Indien die benoemde binne drie maande vanaf die datum van die laaste plasing van sodanige advertensie versuim om die bystand aan hom verskuldig, op te eis, word sodanige bystand in die boedel van die afgestorwe lid inbetaal. Die koste van die advertensie word van enige gelde betaalbaar ingevolge hierdie subklousule, afgetrek.

(vi) So spoedig doenlik na 31 Desember van elke jaar moet die bestuurskomitee 'n lys laat opstel en binne drie maande daarnal met die naam van elke bydraer wat nie gedurende die afgelope twee kalenderjare in die Nywerheid in diens was nie en wat nie bystand opgeëis het nie.

(vii) Die bestuurskomitee moet voor of op 31 Maart van die eersvolgende jaar na sodanige tweejaartydperk toesien dat 'n kennisgewing gepubliseer word wat vermeld dat 'n lys van alle bydraers wat nie bystand gedurende die afgelope twee jaar opgeëis het nie, soos hierbo genoem, ter insae is by die kantoor van die Fonds en dat 'n duplikaatlys beskikbaar is by die kantoor van die Vakvereniging.

(viii) Die kennisgewing moet 'n beroep doen op alle betrokke bydraers of belanghebbende persone namens hulle om binne drie maande eise om bystand in te dien en om volledige besonderhede te verstrek van die gronde waarop sodanige eise ingestel word.

(ix) Die kennisgewing moet gepubliseer word in drie agtereenvolgende uitgawes van minstens twee koerante wat gelees word in die regsgebied van die Nywerheidsraad vir die Klerasienywerheid (Natal).

(x) Die bestuurskomitee moet by die volgende vergadering wat volg op die laaste datum waarop eise ingedien kan word, sodanige eise oorweeg en moet aan enige bydraer of persoon wat gemagtig is om sodanige bystand namens hom te ontvang, wat 'n behoorlike eis ingedien het op die wyse hierin voorgeskryf, sodanige gelde betaal wat nie die volle bystand aan die lid moet oorskry nie, min die advertensiekoste, soos hy mag goed dink. Ingeval geen eis ingestel word deur of namens die persoon wie se naam op die lys verskyn nie, word enige bystand aan hom verskuldig aan die Fonds verbeur. Die Sekretaris moet aan voornoemde Vakvereniging die lys hierin genoem, stuur, en die lys moet die naam en jongste bekende werkplek van die lid en die verskuldigde bystand verstrek.

11. Addisionele bystand.

(i) Die bestuurskomitee kan die bystand hierin genoem van tyd tot tyd verhoog deur die verklaring van 'n bonus in die lig van verbetering in die finansies van die Fonds deur—

(*a*) oploping van rente;

(*b*) bydraers wat die Nywerheid verlaat voordat hulle vir die volle 100 persent van die werkgewer se bydraes kwalifiseer;

met dien verstande dat enige sodanige bonus slegs bepaal moet word na 'n ondersoek deur 'n openbare rekenmeester van die laste van die Fonds en voorts met dien verstande dat sodanige bonus nie meer moet wees as enige bedrag deur sodanige openbare rekenmeester aanbeveel nie. Enige sodanige bonus moet tot bydraers se rekenings gekrediteer word en is terselfdertyd en bo en behalwe die bystand voorgeskryf in klousule 9 aan sulke lede betaalbaar.

(ii) Die bestuurskomitee kan ook die gelde vermeld in paragrawe (*a*) en (*b*) van subklousule (i) van hierdie klousule gebruik en enige rente gemagtig ingevolge klousule 7 (iii) om bystand te verhoog aan persone wat vir minstens 5 jaar tot die Fonds bygedra het en wat verplig is om die Nywerheid permanent te verlaat voordat hulle die aftree-ouderdom bereik weens swak gesondheid of ongeskiktheid, of wat die aftree-ouderdom bereik maar wat nie vir uitbetaalbare bystand kwalifiseer nie, met dien verstande dat die totaal in enige kalenderjaar gebruik geen bedrag vir daardie jaar deur die Fonds se aktuaris bepaal, te bowe gaan nie.

12. Bystand mag nie gesedeer of afgestaan word nie.

Bystand mag nie—

(*a*) gesedeer, afgestaan, oorgedra of op enige wyse oorgemaak word nie, hetsy in die algemeen of as sekuriteit vir enige skuld of obligasie deur die bydraer verskuldig. Die Fonds is onder geen verpligting om enige sodanige beweerde sedering, afstand, oordrag of oormaking te erken of daarop te handel nie;

(*b*) beslag op gelê word deur 'n bevel of geding van enige hof nie;

(*c*) verreken word teen enige skuld van die persoon geregtig op sodanige bystand nie.

13. Ontbinding van die fonds.

(i) By die verstryking van hierdie Ooreenkoms of enige verlenging daarvan en 'n daaropvolgende ooreenkoms vir die voortsetting van die Fonds wat nie aangegaan word binne 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van sodanige verstryking nie, of as die Fonds nie binne sodanige tydperk deur die Raad na enige ander Fonds, ingestel vir dieselfde doel as dié waarvoor die oorspronklike Fonds ingestel is, oorgedra word nie, word die Fonds gelikwideer. Gedurende genoemde tydperk van twee jaar of tot tyd en wyl dit na enige ander fonds hierbo genoem, oorgedra word, word die Fonds deur die bestuurskomitee geadministreer.

(ii) Ingeval die Fonds ontbind word of ingeval dit ophou om te funksioneer gedurende enige tydperk waarin hierdie Ooreenkoms bindend is ingevolge artikel *vier-en-dertig* (2) van die Wet, word die Fonds steeds geadministreer deur die bestuurskomitee wat op daardie tydstip funksioneer. Enige vakature wat in die Komitee ontstaan, kan deur die Registrateur aangevul word uit werkgewers of werknemers, na gelang van die geval, sodat 'n gelyke getal werkgewer- en werknemerverteenwoordigers in die Komitee verseker word. Ingeval

